

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Puskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. BUITELANDS: 50c



THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. FOREIGN: 50c

Vol. 232

PRETORIA

9 AUGUSTUS

9 AUGUST

1989

4634

ALGEMENE KENNISGEWING

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

ALGEMENE KENNISGEWING 1335 VAN 1989

ADVERTERING VAN VAKANTE ONDERWYSPOSTE

1. Datum van diensaanvaarding:

- bevorderings poste begin 2de kwartaal 1990
- Onderwyskolleges — begin 2de kwartaal 1990
- Onderwyshulpdienste begin 1ste kwartaal 1990 behalwe waar anders vermeld

L.W.: Verelste kwalifikasies moet behaal word voor datum van diensaanvaarding.

2. Sluitingsdatum van Aansoek

Die aansoek sluit op 30 Augustus 1989 en moet asseblie die betrokke persoon, soos in paragraaf 7 genoem, nie later nie as 16h00 op hierdie datum bereik.

3. Sluitingsdatum van Aanbevelings deur Bestuursrade

Aanbevelings van Bestuursrade t.o.v. bevorderingsposte bereik die Departement nie later nie as 15 November 1989.

4. Inligting deur Voornemende Applikante om Bevorderingsposte

(a) Applikante VERBONDE AAN TOD-INRIGTINGS wat om poste van rektor en vise-rektor by onderwyskolleges, poste by hulpdienste en poste van hoof, senior adjunk-, adjunk- en departementshoof by skole aansoek doen, vul TOD 486 IN EN 'N DATASTROKIE en stuur dit in 'n aparte koevert aan die Voorsitter, Keurraad, Privaatsak X76, Pretoria 0001, om hom binne 12 dae na die verskyn van die vakaturelys te bereik.

(b) ANDER applikante vul vorm TOD 486 (inligting oor applikante om bevorderingsposte) en stuur dit in 'n aparte koevert aan die Voorsitter, Keurraad, Privaatsak X76, Pretoria 0001, om hom binne 12 na die verskyn van die vakaturelys te bereik.

(c) Applikante wat om poste verbonde aan onderwyskolleges aansoek doen (poste van rektor/vise-rektor uitgesluit) vul die vorm waarop inligting verlang word van applikante om poste van dosent/senior dosent/departementshoof/mede-departementshoof by onderwyskolleges in wat by die Registrateur van die onderwyskolleges verkrygbaar is, en stuur dit aan die betrokke rektor.

5. Wyse waarop aansoek gedoen word

- (a) Afsonderlike aansoek word vir elke vakature op vorm TOD 487 ingedien wat spesial vir dié doel beskikbaar is en by skoolraadskantore, skole en onderwyskolleges verkrygbaar is. 'n Kurrikulum vitae kan ingesluit word.
- (b) Die posnommer van die vakature waarom aansoek gedoen word, word in die toepaslike ruimte ingevul. Die verwysnommer verskyn teenoor die vereistes vir elke pos. Die toenemende gebruik van die rekenoutomaat maak dit noodsaklik dat hierdie nommer volledig en akkuraat aangedui word.
- (c) Afskrifte van getuigskrifte word by elke afsonderlike aansoek aangeheg. (Oorspronklike getuigskrifte sal nie terugbesorg word nie).
- (d) Applikante verstrek hul private adresse en telefoonnummers (indien enige) op vorm TOD 487.
- (e) Die woord "Aansoek" word op die koevert waarin aansoek aangetuur word, aangebring.

GENERAL NOTICE

TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

GENERAL NOTICE 1335 OF 1989

ADVERTISING OF VACANT TEACHING POSTS

1. Date of commencement of duty:

- promotion post beginning 2nd term 1990
- Colleges of Education — beginning 2nd term 1990
- Ancillary Education Services beginning 1st term 1990 except where else indicated

N.B.: The required qualifications must be obtained prior to date of commencement of duty.

2. Closing Date for Applications

Applications close on 30 August 1989 and must please reach the person concerned, as indicated in paragraph 7, not later than 16h00 on that date.

3. Closing Date for Recommendations by Management Councils

Recommendations made by Management Councils in respect of promotion posts should reach the Department not later than 15 November 1989.

4. Information Supplied by Prospective Applicants for Promotion Posts

(a) Applicants ATTACHED TO TED INSTITUTIONS who intend to apply for posts of rector and vice-rector of colleges of education, posts in ancillary services and posts of principal, senior deputy principal, deputy principal and head of department at schools should complete TED 486 — AND A DATA SLIP and despatch these in a separate envelope to the Chairman, Selection Board, Private Bag X76, Pretoria 0001, to reach him within 12 days after the gazette's appearing.

(b) OTHER applicants should complete form TED 486 (information about applicants for promotion posts) and sent it in a separate envelope to the Chairman, Selection Board, Private Bag X76, Pretoria 0001, to reach him: within 12 days after the gazette's appearing.

(c) Applicants for posts at colleges of education (excluding posts of rector/vice-rector) should complete the form on which information is required from applicants for posts of lecturer/senior lecturer/head of department/associate head of department at colleges of education, obtainable from the Registrars of the colleges of education, and despatch it to the rector concerned.

5. Procedure for applying

- (a) Separate applications are to be submitted for each vacancy on form TED 487, which is provided specially for this purpose and is obtainable from school board offices, schools and colleges of education. A curriculum vitae may be included.
- (b) The post number of the vacancy for which application is made is to be inserted in the appropriate space. The reference number appears opposite the requirements for each post. In view of the increasing use of the computer, it is essential that this number be furnished fully and accurately.
- (c) Copies of testimonials are to be attached to each separate application. (Originals of testimonials will not be returned).
- (d) Applicants are to furnish their private addresses and telephone numbers (if any) on form TED 487.
- (e) The envelope in which applications are forwarded is to be marked "Applications".

- (f) Aansoek moet van die vereiste posseëls voorsien wees. (Daar word aan die hand gedoen dat aansoek per geregistreerde pos ver-send word.)
- (g) Applikante mag 'n geadresseerde, gefrankeerde koevert by elke aansoek insluit sodat die rektor/hoof onsuksesvolle applikante van die uitslag kan verwittig sodra hy deur die Departement daarvan in kennis gestel word.

6. Die volgende dokumente moet aan die Direkteur van Onderwys gesuur word:

- (a) Applikante tydelik in diens van die Departement asook applikante wat vir die eerste keer om poste by die TOD aansoek doen
 - (i) Vorm TOD 133 (Gesondheidsvraelys).
 - (ii) In die geval van 'n getroude vrou, 'n verklaring van haar eggenoot dat hy geen beswaar daartoe het dat sy eggenote in 'n permanente hoedanigheid deur die TOD in diens geneem word nie..
- (b) Applikante wat vir die eerste keer om poste by die TOD aansoek doen (Voornemende applikante word as onderwyser by die TOD geregistreer).

Vorm TOD I (Onderwysersregistrasievorm), verkrygbaar van die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria, 0001, of by telefoon (012) 201-3162 of by Streekkantore.
- (c) Registrasie by die Federale Onderwysersraad vir Blankes (Gewaarmerkte afskrif) is 'n vereiste vir aanstelling vir alle applikante.
- (d) Applikante moet burgers van die Republiek van Suid-Afrika wees. (Hierdie vereiste is nie van toepassing op onderwysers wat alreeds in 'n permanente hoedanigheid in diens van die Departement is nie).

7. Aan wie Aansoek gerig moet word

Die aansoek word (na gelang van die geval) aan een van die volgende gerig:

- (i) In die geval van poste verbonden aan die **Onderwyshulpdienste, Streekkantore en Veldskole** aan die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria, 0001.
- (ii) In die geval van poste van rektor, vice-rektor, hoof, senior adjunk-hoof, adjunk-hoof en departementshoof by skole, aan die Voorsitter, Keurraad, Privaatsak X76, Pretoria, 0001.
- (iii) In die geval van poste van departementshoof, mede-departementshoof, senior dosent en dosent by onderwyskolleges, aan die rektor van die betrokke onderwyskollege.

8. Indiening van Lys van Aansoek

- (a) In alle gevalle waar aansoek om geadverteerde onderwysposte gedoen word, selfs al word daar slegs om een pos aansoek gedoen, word die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria, 0001, van 'n lys van al die poste waarom aansoek is, voorsien.
- (b) Die voorgeskrewe vorm TOD 575 word vir dié doel gebruik. Die vorms is by skoolraadskantore, skole en onderwyskolleges verkrybaar.
- (c) Die lys moet die Departement bereik nie later nie as voorgeskrewe sluitingsdatum van die aansoek (paragraaf 2).

Let Wel:-

Die voorkeurorde wat op die lys verskyn, sal waar moontlik in aanmerking geneem word. Indien so 'n lys nie ontvang word nie, kan voorkeure nie in ag geneem word nie.

9. Aanwending van Dienste van Suksesvolle Applikante

Die aandag van applikante word daarop gevestig dat —

- (a) die Departement 'n lid van die onderwyspersoneel kan aanstel in enige vakature waarom hy aansoek gedoen het en waarvoor sy kwalifikasies hom gesik kmaak, en dat 'n skoolhoof van 'n opvoeder se dienste gebruik kan maak in enige hoedanigheid wat beskou word as in belang van die onderwys;
- (b) iedere opvoeder, indien die rektor/hoof van die provinsiale onderwysinrigting waaraan sodanige opvoeder verbonden is, hom daartoe versoek, sodanige aandeel moet neem aan die organisasie van en toesig hou oor die media-sentrum, sport, uitstappies, kadetafdelings en ander buitemuurse bedrywighede van sodanige provinsiale onderwysinrigting, as wat die rektor/hoof van hom mag verlang.

10. Kansellerering van Aanstellings

Versoek dat 'n aanstelling in 'n permanente hoedanigheid wat reeds gemaak is, gekanselleer word, sal slegs in uiters buitengewone omstandighedeoorweeg word.

11. Toesigdiens in 'n Provinciale Koshuis

Waar 'n provinsiale koshuis aan 'n onderwysinrigting verbonden is, kan van 'n suksesvolle applikant verwag word om in die betrokke koshuis diens te doen.

- (f) Applications must bear the necessary postage. (It is suggested that applications be forwarded by registered post).
- (g) Applicants may include a franked, addressed envelope with each application so that unsuccessful candidates may be notified of the outcome by the rector/principal as soon as he has been informed by the Department.

6. The following documents must be dispatched to the Director of Education:

- (a) Applicants temporarily in the service of the Department and applicants applying for posts within the TED for the first time
 - (i) Form TED 133 (Health Questionnaire).
 - (ii) In the case of a married woman, a statement by her husband in which he declares that he has no objection to his spouse's being employed by the TED in a permanent capacity.
- (b) Applicants applying for posts within the TED for the first time (Prospective applicants must be registered as teachers with the TED).

Form TED I (Teachers' Registration Form), obtainable from the Director of Education, Private Bag X76, Pretoria, 0001 or by telephone (012) 201-3162 or at Regional Offices.
- (c) Registration with the Teachers' Federal Council for Whites (Certified copy) is a requirement for appointment for all applicants.
- (d) Applicants must be citizens of the Republic of South Africa. (This requirement is not applicable to teachers who are already employed in a permanent capacity in the service of the Department).

7. To whom Applications should be directed

The applications (as the case may be) are to be directed to one of the following:

- (i) In the case of post attached to **Ancillary Education Services, Regional Offices and Veld Schools** to the Director of Education, Private Bag X76, Pretoria 0001.
- (ii) In the case of posts of rector, vice-rector, principal, senior deputy principal, deputy principal and head of department at schools, to the Chairman, Selection Board, Private Bag X76, Pretoria 0001.
- (iii) In the case of posts of head of department, associate head of department, senior lecturer and lecturer at colleges of education, to the rector of the college concerned.

8. Submission of List of Applications

- (a) In all cases where application is made for advertised teaching posts, even if only one post is applied for, applicants are to furnish the Director of Education, Private Bag X76, Pretoria 0001, with a list of all the posts applied for.
- (b) The prescribed form TED 575 is to be used for this purpose. The forms are obtainable from school board offices, schools and colleges of education.
- (c) The list must reach the Department not later than the prescribed closing date for the applications (paragraph 2).

Note:-

The order or preference of the posts appearing on the list will, where possible, be taken into account. Should such a list not be received preferences cannot be taken into account.

9. Utilizing Services of Successful Applicants

Applicants should note that—

- (a) the Department may appoint a member of the teaching staff to any vacancy for which he has applied and for which he holds suitable qualifications, and a principal of a school may make use of the services of a teacher in any capacity which is in the interest of education;
- (b) any educator if so requested by the rector/principal of the provincial education institution to which such educator is attached, must participate in the organisation and supervision of the media centre, sports, excursions, cadet corps and other extramural activities of such provincial education institution as the rector/principal may require of him.

10. Cancellation of Appointments

Requests to cancel an appointment in a permanent capacity which has already been made will be considered only under very exceptional circumstances.

11. Supervision in a Provincial Hostel

Where a provincial hostel is attached to a teaching institution, a successful applicant can be expected to render service in the hostel concerned.

1. Poste waaraan amptelike huise verbonde is

(a) Applikante wat in poste waaraan amptelike huise verbonde is, aangestel word, moet dit betrek en die huurgeld daarop betaal asook die huurvoorraarde, wat daarop van toepassing is, nakom.

(b) Inligting betreffende sodanige amptelike huise kan van die Skoolraadssekretaris verkry word.

13. Pogings om tussenkoms te verkry met betrekking tot aanstellings

Pogings om tussenkoms van enige bron te verkry met betrekking tot aanstellings, bevorderings of verplaasings word as 'n diskwalifikasie beskou.

14. Minimum vereistes vir aanstelling in 'n permanente hoedanigheid**14.1 Rector
(Posvlak 7)**

- (i) 'n goedgekeurde meestersgraad;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (iii) tien jaar onderwyservaring.

14.2 Hoof**(a) Gekompliseerde Skool
(Posvlak 6)**

- (i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie;
- (iii) 'n tweede graad of verdere diploma in onderwysbestuur; en
- (iv) minimum onderwyservaring:—
 - Kategorie E: agt jaar
 - Kategorie F: sewe jaar
 - Kategorie G: ses jaar

(b) Enige Sekondêre Skool en Skole aldus gegradeer**1. Graad SI
(Posvlak 5)**

- (i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (iii) minimum onderwyservaring:—
 - Kategorie D: agt jaar
 - Kategorie E: sewe jaar
 - Kategorie F: ses jaar
 - Kategorie G: vyf jaar

**2. Graad SII
(Posvlak 4)**

- (i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (iii) minimum onderwyservaring:—
 - Kategorie D: sewe jaar
 - Kategorie E: ses jaar
 - Kategorie F: vyf jaar
 - Kategorie G: vier jaar

(c) Primêre Skole en Skole aldus gegradeer**1. Graad PI
(Posvlak 5)**

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) minimum onderwyservaring:—
 - Kategorie D: agt jaar
 - Kategorie E: sewe jaar
 - Kategorie F: ses jaar
 - Kategorie G: vyf jaar

**2. Graad PII
(Posvlak 4)**

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

12. Posts to which official housing is attached

(a) Applicants appointed to posts to which official housing is attached must take occupancy, pay rental and comply with the conditions of tenancy applicable to such housing.

(b) Information on such official housing may be obtained from the School Board Secretary.

13. Attempts to secure intervention in appointments

Any attempt to secure intervention in appointments, promotions or transfers will be regarded as a disqualification.

14. Minimum requirements for appointment in a permanent capacity**14.1 Rector
(Post level 7)**

- (i) an approved master's degree;
- (ii) a recognized professional teaching qualification; and
- (iii) ten years' teaching experience.

14.2 Principal**(a) Complex School
(Post level 6)**

- (i) an approved bachelor's degree;
- (ii) a recognized professional teaching qualification;
- (iii) a second degree or further diploma in the management of education; and
- (iv) minimum teaching experience:—
 - Category E: eight years
 - Category F: seven years
 - Category G: six years

(b) Any Secondary Schools and Schools thus graded**1. Grade SI
(Post level 5)**

- (i) An approved bachelor's degree;
- (ii) a recognized professional teaching qualification; and
- (iii) minimum teaching experience:—
 - Category D: eight years
 - Category E: seven years
 - Category F: six years
 - Category G: five years

**2. Grade SII
(Post level 4)**

- (i) an approved bachelor's degree;
- (ii) a recognized professional teaching qualification; and
- (iii) minimum teaching experience:—
 - Category D: seven years
 - Category E: six years
 - Category F: five years
 - Category G: four years

(c) Primary Schools and Schools thus graded**1. Grade PI
(Post level 5)**

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional teaching qualification; and
- (ii) minimum teaching experience:—
 - Category D: eight years
 - Category E: seven years
 - Category F: six years
 - Category G: five years

**2. Grade PII
(Post level 4)**

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional teaching qualification; and

(ii) minimum onderwyservaring:—

- Kategorie D: sewe jaar
 Kategorie E: ses jaar
 Kategorie F: vyf jaar
 Kategorie G: vier jaar

3. Graad PIII
(Posvlak 3)

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
 (ii) die volgende minimum onderwyservaring:—

- Kategorie D: ses jaar
 Kategorie E: vyf jaar
 Kategorie F: vier jaar
 Kategorie G: drie jaar

4. Graad PIV
(Posvlak 2)

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
 (ii) minimum onderwyservaring:—

- Kategorie D: vyf jaar
 Kategorie E: vier jaar
 Kategorie F: drie jaar
 Kategorie G: twee jaar

(d) Preprimêre Skole

1. Graad PP III
(Posvlak 3)

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele preprimêre onderwyskwalifikasie insluit of ander gelykwaardige kwalifikasie; en
 (ii) minimum onderwyservaring:—

- Kategorie D: ses jaar
 Kategorie E: vyf jaar
 Kategorie F: vier jaar
 Kategorie G: drie jaar

2. Graad PP IV
(Posvlak 2)

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele preprimêre onderwyskwalifikasie insluit of ander gelykwaardige kwalifikasie; en
 (ii) minimum onderwyservaring:—

- Kategorie D: vyf jaar
 Kategorie E: vier jaar
 Kategorie F: drie jaar
 Kategorie G: twee jaar

14.3 Vise-rektor
(Posvlak 6)

- (i) 'n goedgekeurde meestersgraad;
 (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
 (iii) tien jaar werklike onderwyservaring:—

14.4 Senior Adjunk-hoof: Sekondêre Skool
(Posvlak 4)

- (i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;
 (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
 (iii) minimum onderwyservaring:—
 Kategorie D: sewe jaar
 Kategorie E: ses jaar
 Kategorie F: vyf jaar
 Kategorie G: vier jaar

(ii) minimum teaching experience:—

- Category D: seven years
 Category E: six years
 Category F: five years
 Category G: four years

3. Grade PIII
(Post level 3)

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional teaching qualification; and
 (ii) the following minimum teaching experience:—
 Category D: six years
 Category E: five years
 Category F: four years
 Category G: three years

4. Grade PIV
(Post level 2)

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional qualification; and
 (ii) minimum teaching experience:—
 Category D: five years
 Category E: four years
 Category F: three years
 Category G: two years

(d) Pre-primary Schools

1. Grade PP III
(Post level 3)

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional pre-primary school teaching qualification or other equivalent qualification; and
 (ii) minimum teaching experience:—
 Category D: six years
 Category E: five years
 Category F: four years
 Category G: three years

2. Grade PP IV
(Post level 2)

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional pre-primary school teaching qualification or other equivalent qualifications; and
 (ii) minimum teaching experience:—
 Category D: five years
 Category E: four years
 Category F: three years
 Category G: two years

14.3 Vice-Rector
(Post level 6)

- (i) an approved master's degree;
 (ii) a recognized professional teaching qualification; and
 (iii) ten years' actual teaching experience

14.4 Senior Deputy Principal: Secondary School
(Post level 4)

- (i) an approved bachelor's degree;
 (ii) a recognized professional teaching qualification; and
 (iii) minimum teaching experience:—
 Category D: seven years
 Category E: six years
 Category F: five years
 Category G: four years

14.5 Adjunk-hoof

(Posvlak 3)

1. Sekondêre Skool en Skole aldus gegradeer—

- (i) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (iii) minimum onderwyservaring:—

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

2. Adjunk-hoof (Tegniese studierigting) (Posvlak 3)

- (i) soos vir sekondêre skole (kyk 1(i) en (ii)) of
- (ii) 'n driejarige tegniese kwalifikasie en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie vir indeling in Kategorie D en enige verdere kwalifikasie vir indeling in Kategorie E; en
- (iii) minimum onderwyservaring:—

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

3. Adjunk-hoof: Primêre Skole (Posvlak 3)**Enige primêre skool en enige skool wat aldus gegradeer is—**

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in Kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) minimum onderwyservaring:—

Kategorie D: ses jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

14.6 Departementshoof (Onderwyskolleges) (Posvlak 5)

- (i) 'n goedgekeurde toepaslike meestersgraad; en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; of
- (ii) in hoogs uitsonderlike omstandighede in bepaalde praktiese rigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit en verdere kwalifikasies wat minstens vir indeling in Kategorie F vereis word.

Senior Primêre Fase

- (iii) 'n B Prim Ed plus 'n goedgekeurde toepaslike meestersgraad; of
- 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n goedgekeurde toepaslike meestersgraad.
- (iv) Tegniese Vakke.
- 'n Driejarige tegniese kwalifikasie en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie vir indeling in Kategorie D en enige verdere kwalifikasie vir indeling in Kategorie F.
- (v) Minimum onderwyservaring:—

Kategorie F: ses jaar

Kategorie G: vyf jaar

14.7 Mededepartementshoof (Onderwyskollege) (Posvlak 4)

- (i) 'n goedgekeurde toepaslike honneursgraad maar in Opvoedkunde minstens 'n meestersgraad; en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; of
- (ii) in hoogs uitsonderlike omstandighede in bepaalde praktiese rigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie E vereis word
- (iii) Junior Primêre Fase. Soos vir Senior Dosent.

14.5 Deputy Principal

(Post level 3)

1. Secondary School and Schools thus graded—

- (i) an approved bachelor's degree;
- (ii) a recognized professional teaching qualification; and
- (iii) minimum teaching experience:—

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

2. Deputy Principal (Technical field of study) (Post level 3)

- (i) as for secondary schools (see 1(i) and (ii)) or
- (ii) a three year technical qualification and a recognized professional teaching qualification for classification in Category D and any further qualification for classification into Category E; and
- (iii) minimum teaching experience:—

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

3. Deputy Principal: Primary Schools (Post level 3)**Any primary school and any school graded as such—**

- (i) qualifications required for classification into Category D, including a recognized professional teaching qualification; and
- (ii) minimum teaching experience:—

Category D: six years

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

14.6 Head of Department (Colleges of Education) (Post level 5)

- (i) an approved appropriate master's degree; and a recognized professional teaching qualification; or
- (ii) in highly exceptional circumstances in specific practical courses of study, recognized appropriate qualifications, including a recognized professional teacher's qualification and further qualifications which are required for classification into at least Category F.

Junior Primary Phase

- (iii) A B Prim Ed and an approved appropriate master's degree; or
- an HED-JP or an HED-PP and an approved appropriate master's degree.
- (iv) Technical Subjects
- A three year technical qualification and a recognized teaching qualification for classification into Category D and any further qualification for classification into Category F.
- (v) Minimum teaching experience:—

Category F: six years

Category G: five years

14.7 Associate Head of Department (Colleges of Education) (Post level 4)

- (i) an approved appropriate honour's degree but in Education at least a master's degree; and a recognized professional teaching qualification; or
- (ii) in highly exceptional circumstances in specific practical courses recognized appropriate qualifications, including a recognized professional teaching qualification, which are required for classification into at least Category E;
- (iii) Junior Primary Phase. As for Senior Lecturer.

(iv) Tegniese Vakke.

'n Driejarige tegniese kwalifikasie en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie vir indeling in Kategorie D en enige verdere kwalifikasie vir indeling in Kategorie E.

(v) minimum onderwyservaring:—

- Kategorie E: ses jaar
- Kategorie F: vyf jaar
- Kategorie G: vier jaar

**14.8 Departementshoof (Skole)
(Posvlak 2)****1. Sekondêre Skole en Skole aldus gegradeer**

(i) 'n Kategorie D-indeling wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit met minstens een vak van die studierigting/fase/afdeling/komponent op tweedejaar-universiteitsvlak of kwalifikasies wat daaraan gelyk gestel kan word;

of

'n Kategorie D-indeling wat minstens 'n Nasionale Tegniese Diploma of 'n goedgekeurde gelykwaardige kwalifikasie plus 'n vakleerlingskap plus 'n goedgekeurde professionele onderwyskwalifikasie insluit;

of

'n Kategorie D-indeling wat in die geval van Tegniese Tekene minstens 'n Nasionale Tegniese Diploma of 'n goedgekeurde gelykwaardige kwalifikasie ('n slaag in Tegniese Tekene of verwante tekene-vak op T2-vlak is 'n vereiste) insluit, plus 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie;

of

Vir Departementshoof Kuns/Musiek/Ballet 'n toepaslike kwalifikasie as Kategorie D-geëvalueer wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit;

of

Vir Departementshoof Opvoedkundige Leiding 'n Kategorie D-indeling wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) Minimum onderwyservaring:

- Kategorie D: vyf jaar
- Kategorie E: vier jaar
- Kategorie F: drie jaar
- Kategorie G: twee jaar

2. Primêre en Preprimêre Skole en Skole aldus gegradeer

(i) 'n Kategorie D-indeling wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit. In die geval van preprimêre skole, 'n professionele preprimêre onderwyskwalifikasie; en

(ii) Minimum onderwyservaring:

- Kategorie D: vyf jaar
- Kategorie E: vier jaar
- Kategorie F: drie jaar
- Kategorie G: twee jaar

3. Spesiale Skole

Soos vir sekondêre skole.

4. Buitekurrikulêre Sentrum

(i) 'n Toepaslike kwalifikasie as Kategorie D ingedeel wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) Minimum onderwyservaring soos vir primêre skole.

**14.9 Senior Dosent
(Posvlak 3)**

(i) 'n Goedgekeurde toepaslike honneursgraad maar in Opvoedkunde minstens 'n meestersgraad; en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; (vierjarige Baccalaureusgrade in Musiek, Huishoudkunde, Beeldende Kunste, Landbou en Terapie word as Honneursgrade erken) of in hoogs uitsonderlike omstandighede in bepaalde praktiese studierigtings, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie E vereis word.

(iv) **Technical Subjects**

A three year technical qualification and a recognized teaching qualification for classification into Category D and any further qualification for classification into Category E.

(v) **minimum teaching experience:—**

- Category E: six years
- Category F: five years
- Category G: four years

**14.8 Head of Department (Schools)
(Post level 2)****1. Secondary Schools and Schools thus graded.**

(i) A Category D classification, including a recognized professional teaching qualification, with at least one subject of the field/line of study/phase/section/component at second-year university level or equivalent qualifications;

or

a Category D classification, including at least a National Technical Diploma, or an approved equivalent qualification, plus an apprenticeship, plus an approved professional teaching qualification;

or

a Category D classification, including in the case of Technical Drawing at least a National Technical Diploma or an approved equivalent qualification (a pass in Technical Drawing or related drawing subject at T2 level is a requirement), plus a recognized professional teaching qualification;

or

For Head of Department Art/Music/Ballet, an approved appropriate qualification including a recognized professional teaching qualification required for classification into at least Category D.

or

For Head of Department Educational Guidance, a Category D classification, including a recognized professional teaching qualification; and

(ii) **Minimum teaching experience:**

- Category D: five years
- Category E: four years
- Category F: three years
- Category G: two years

2. Primary and Pre-primary Schools and Schools thus graded

(i) A Category D classification, including a recognized professional teaching qualification. For pre-primary schools, a primary professional teaching qualification; and

(ii) **Minimum teaching experience:**

- Category D: five years
- Category E: four years
- Category F: three years
- Category G: two years

3. Spesial Schools

As for secondary schools.

4. Extracurricular Centres

(i) An appropriate qualification classified as Category D, including a recognized professional teaching qualification; and

(ii) Minimum teaching experience as for primary schools.

**14.9 Senior Lecturer
(Post level 3)**

(i) An approved appropriate honour's degree but in Education at least a master's degree; and a recognized professional teaching qualification; (a four year Bachelor degree in Music, Domestic Science, Fine Arts, Agriculture and Therapy are recognized as honour's degrees) or in highly exceptional circumstances in specific practical courses of study, recognized appropriate qualifications, including a recognized professional teaching qualification required for classification into at least Category E.

Junior Primère Fase

(ii) 'n B Prim Ed plus verdere toepaslike onderwyskwalifikasies wat die persoon op 'n Kategorie E-indeling bring, dit wil sê

- (a) 'n B Prim Ed plus 'n toepaslike B Ed-graad; or
- (b) 'n B Prim Ed plus 'n toepaslike VDO; or
- (c) 'n B Prim Ed plus 'n toepaslike honneursgraad;

of

'n HOD-junior Primér of 'n HOD-preprimér, plus toepaslike onderwyskwalifikasies wat die persoon op 'n Kategorie F-indeling bring, dit wil sê

- (a) 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n toepaslike VDO plus 'n B Ed-graad; or
- (b) 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n goedgekeurde voltooide B.-graad in die volgorde verwerf; or
- (c) 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n toepaslike M Ed-graad.

(iii) Tegniese Vakke

Soos vir Mededepartementshoof.

(iv) Minimum onderwyservaring

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: vier jaar

Kategorie G: drie jaar

14.10 Dosent**(Posvlak 2)**

(i) 'n goedgekeurde toepaslike graad; en 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie;

of

in hoogs uitsonderlike omstandighede in bepaalde praktiese studierigte, erkende toepaslike kwalifikasies wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit en wat minstens vir indeling in Kategorie D vereis word

Junior Primère Fase

(ii) 'n B Prim Ed;

of

'n HOD-Junior Primér; of 'n HOD-Preprimér, plus verdere toepaslike onderwyskwalifikasies wat die persoon op 'n Kategorie E-indeling bring, dit wil sê

- (a) 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n toepaslike VDO; or
- (b) 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n B Ed-graad; or
- (c) 'n HOD-JP of 'n HOD-PP plus 'n gedeeltelik voltooide graad;

(iii) Minimum onderwyservaring

Kategorie D: vyf jaar

Kategorie E: vier jaar

Kategorie F: drie jaar

Kategorie G: twee jaar

14.11 Onderwyser**(Posvlak 1)****1. Hulpklas**

'n Erkende professionele onderwyskwalifikasie wat 'n erkende kwalifikasie in minimale breindisfunksie insluit

2. Preprimère Skole**(Posvlak 1)**

'n Erkende preprimère professionele onderwyskwalifikasie

3. Alle ander poste**(Posvlak 1)**

(i) 'n Erkende toepaslike professionele onderwyskwalifikasie; or

(ii) Ander toepaslike kwalifikasies wat erken word

15. Waardebepaling van kwalifikasies: Indeling in kategorie

Om die waarde van kwalifikasies vir 'n aanstelling as opvoeder te bepaal met die oog daarop om die salaris betaalbaar aan 'n opvoeder vas te stel, word elke opvoeder in een van die volgende kategorieë ingedeel, en

Junior Primary Phase

(ii) A B Prim Ed and further appropriate teaching qualifications, required for classification into Category E, i.e.

- (a) A B Prim Ed and appropriate B Ed degree; or
- (b) A B Prim Ed and an appropriate FDE; or
- (c) A B Prim Ed and an appropriate honour's degree;

or

an HED Junior Primary or an HED Pre-primary, and appropriate teaching qualifications required for classification into Category F, i.e.

- (a) an HED-JP or an HED-PP and an appropriate FDE and a B Ed degree; or
- (b) an HED-JP or an HED-PP and an approved completed B degree in this order; or
- (c) an HED-JP or an HED-PP and an appropriate M Ed degree.

(iii) Technical Subjects

As for Associate Head of Department.

(iv) Minimum teaching experience:

Category E: five years

Category F: four years

Category G: three years

14.10 Lecturer**(Post level 2)**

(i) an approved appropriate degree; and a recognized professional teaching qualification;

or

in highly exceptional circumstances in specific practical courses of study, recognized appropriate qualifications, including a recognized professional teaching qualification, required for classification into at least Category D

Junior Primary Phase

(ii) A B Prim Ed;

or

an HED Junior Primary or an HED Pre-primary and further appropriate teaching qualifications required for classification into a Category E, i.e.

- (a) an HED-JP or an HED-PP and an appropriate FDE; or
- (b) an HED-JP or an HED-PP and a B Ed degree; or
- (c) an HED-JP or an HED-PP and a partially completed degree;

(iii) Minimum teaching experience

Category D: five years

Category E: four years

Category F: three years

Category G: two years

14.11 Teacher**(Post level 1)****1. Aid Class**

A recognized teaching qualification which includes a recognized diploma in minimal brain dysfunction

2. Pre-primary Schools**(Post level 1)**

A recognized pre-primary professional teaching qualification

3. All other posts**(Post level 1)**

(i) A recognized appropriate professional teaching qualification; or

(ii) Other recognized appropriate qualifications

15. Evaluation of qualifications: Classification into category

To determine the salary payable to an educator, the qualifications of every educator are evaluated when the educator is appointed, and classified into one of the following categories; the category into which he is

die kategorie waarin hy ingedeel word, hang af van die erkende en werklike minimum getal voorgeskrewe voltydse professionele of akademiese studiejare aan 'n goedgekeurde universiteit of opleidingsinstigting na verwering van die standerd 10-sertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie ooreenkomstig die Kriteria vir Evaluering van Kwalifikasies soos interdepartementeel neergelê —

Kategorie A: 'n Tydperk korter as dié in Kategorie B genoem

Kategorie B: twee jaar

Kategorie C: drie jaar

Kategorie D: vier jaar

Kategorie E: vyf jaar

Kategorie F: ses jaar

Kategorie G: sewe jaar

16. Posvlakindeling:

Poste word ooreenkomsdig kompleksiteit in die onderskeie posvlakte ingedeel:

Posvlak 7

Hoof van die

Kommunikasiediens
Buro vir Kurrikulering en Evaluering
Onderwysmediadiens
Buro vir Onderwysnavorsing
Statistiek en Rekenaaraangeleenthede

Hoofsuperintendent van Onderwys

Rektor

Voorsitter: Keurraad

Posvlak 6

Adjunk-hoof van die

Kommunikasiediens
Buro vir Kurrikulering en Evaluering
Onderwysmediadiens
Buro vir Onderwysnavorsing
Statistiek en Rekenaaraangeleenthede
Hoof: Gekompliseerde skool (GS)
Publikasie- en Taaldiens
Skoolreisdiens
Onderwysmuseum

Lid: Keurraad

Superintendent van Onderwys

Vise-Rektor

Posvlak 5

Adjunk-hoof: Skoolreisdiens

Adjunk-superintendent van Onderwys

Assistent-hoof: Buro vir Kurrikulering en Evaluering
Onderwysmediadiens
Buro vir Onderwysnavorsing
Publikasie- en Taaldiens

Departementshoof: Onderwyskolliege

Hoof: Onderwyshulpsentrum

Primêre Skool (PI)

Sekondêre Skool (SI)

Opvoedkundige Sielkundige

Posvlak 4

Assistent-hoof: Onderwysmuseum
Hoof: M-skool
Primêre Skool (PI)
Sekondêre Skool (SII)

Hoofnavorser

Mededepartementshoof: Onderwyskolliege

Senior Adjunk-hoof: Sekondêre Skool

Senior Media-adviseur

Senior Mediakundige

Senior Onderwysadviseur

Senior Rekenaarkundige

Posvlak 3

Assistent: Publikasie- en Taaldiens

Adjunk-hoof: Sekondêre Skool

Assistent-hoof: Primêre Skool

Hoof: Skoolreisdiens

Assistent-hoof: Primêre en Preprimêre Skole (PIII)

placed being dependent on the recognized and actual minimum number of prescribed full-time professional or academic years of study at an approved university or training institution after the attainment of a Standard 10 certificate or equivalent qualification, in accordance with the Criteria for Evaluation of Qualifications as interdepartmentally provided —

Category A: A period shorter than the referred to in Category B

Category B: two years

Category C: three years

Category D: four years

Category E: five years

Category F: six years

Category G: seven years

16. Post level classification:

Posts are classified into different post levels according to complexity:

Post level 7

Head of the

Communication Service
Buro for Curriculum Development and Evaluation
Education Media Service
Buro for Education Research
Statistics and Computer Affairs

Chief Superintendent of Education

Rector

Chairman: Selection Board

Post level 6

Deputy Head of the

Communication Service
Buro for Curriculum Development and Evaluation
Education Media Service
Buro for Education Research
Statistics and Computer Affairs
Principal: Complex School (GS)
Head: Publication and Editing Service
School Journey Service
Education Museum

Member: Selection Board

Superintendent of Education

Vice-Rector

Post level 5

Deputy Head: School Journey Service

Deputy Superintendent of Education

Assistant Head: Buro for Curriculum Development and Evaluation
Education Media Service
Buro for Education Research
Publication and Editing Service

Head of Department: College of Education

Head: Education Aid Centre

Primary School (PI)

Secondary School (SI)

Education Psychologist

Post level 4

Assistant Head: Education Museum

Principal: M School
Primary School (PII)
Secondary School (SII)

Chief Researcher

Associate Head of Department: College of Education

Senior Deputy Principal: Secondary School

Senior Media Adviser

Senior Media Specialist

Senior Education Adviser

Senior Computer Expert

Post level 3

Assistant: Publication and Editing Service

Deputy Principal: Secondary School

Primary School

Assistant Head: School Journey Service

Principal: Primary and Pre-primary Schools (PIII)

Media Adviser

Media Specialist

Senior Dosent: Onderwyskollege
 Senior Navorser
 Senior Onderwysmuseumkundige
 Onderwysadviseur
 Rekenaarkundige

Posvlak 2

Assistent-mediakundige
 Departementshoof:

Sekondêr
 Primêr
 Preprimêr
 Skoolreisdiens

Dosent: Onderwyskollege
 Hoof: Primêre en Preprimêre Skole (PIV)
 Navorser
 Onderwysmuseumkundige

Posvlak 1

Assistent-onderwysmuseumkundige
 Onderwyser: Skoolreisdiens
 Onderwyser

17. Indeling en Gradering van Provinciale Onderwysinrigtings:**(a) Onderwyskolleges****(b) Sekondêre Skole**

GS — Volgens kompleksiteit
 SI — 550 en meer leerlinge
 SII — tot 549 leerlinge

(c) Spesiale Skole (insluitende sekondêre kliniekskole)

SI — 350 en meer leerlinge
 SII — tot 349 leerlinge

(d) Sekondêre Skole met 'n landboustudierigting

SI — 250 en meer leerlinge
 SII — tot 249 leerlinge

(e) Sekondêre Skole vir Kuns, Ballet, Musiek en Drama

SI — 250 leerlinge en meer
 SII — minder as 250 leerlinge

(f) Primêre en Preprimêre Skole

PI — 550 en meer leerlinge
 PII — 150 — 549 leerlinge
 PIII — 50 — 149 leerlinge
 PIV — tot 49 leerlinge

18. Indeling van Departementshoofposte by skole met die vakke wat hulle identifiseer**18.1 Sekondêre Skole****(a) Ampelike Tale**

Afrikaans Eerste en/of Tweede Taal

English First and/or Second Language

(b) Derde Tale

Duits	Noord-Sotho
Frans	Portugees
Grieks	Suid-Sotho
Hebreus	Tswana
Latyn	Zoeloe

(c) Geesteswetenskappe

Geskiedenis	Kuns
Derde Tale	Musiek
Aardrykskunde	Bybelkunde
Mediagebruikersleiding	Bybelonderrig

(d) Geesteswetenskappe aan sekondêre skole met 'n volle tegniese studierigting

Aardrykskunde (st 6 en 7)
 Geskiedenis (st 6 en 7)
 Liggaamlike Opvoeding
 Mediagebruikersleiding
 Bybelonderrig

(e) Handeslvakke

Ekonomie	Handelswiskunde
Rekeningkunde	Tik
Bedryfseconomie	Snelskrif
Handelsreg	Shorthand

Senior Lecturer: College of Education
 Senior Researcher
 Senior Education Museum Specialist
 Education Adviser
 Computer Expert

Post level 2

Assistant Media Specialist
 Head of Department:

Secondary
 Primary
 Pre-primary
 School Journey Service

Lecturer: College of Education
